HILLANDALE ROLBALKLUB

HUISHOUDELIKE REëLS & REGULASIES

(Hersien op 1 Desember 2025)

1. ALGEMEEN:

1.1 Die rëels van die spel, soos vervat in die SA Rolbalreëlboek, wat op **1 Oktober 2022** aangepas is, asook die etiket van Rolbal Suid-Afrika sal streng gehandhaaf word en sal bindend wees op alle lede, besoekers, gaste en gebruikers.

1.2 Niemand sal toegelaat word om aan die spel deel te neem tensy hy korrek, volgens die rëels, geklee is nie.

1.3 Die Uitvoerende bestuur sal verseker dat die rolbalklub behoorlik en op die korrekte wyse bestuur word.

1.4 Die UB sal behoorlik rekord hou van alle finansiële uitgawes en toesien dat daar volledige en korrekte notules van vergaderings gehou word.

1.5 Die UB sal ten minste een keer elke kwartaal, of meer dikwels indien nodig, vergader.

1.6 Geen alkoholiese drank mag aan persone onder 18 jaar verkoop word nie. Lede mag nie alkoholiese drank in die klubgebou of gronde inbring nie. Geen alkoholiese drank mag buite die klubgronde geneem word nie. ‘n Oormatige gebruik van alkohol sal nie geduld word nie en is onderworpe aan dissiplinêre optrede.

1.7 Rook word nie in die klubhuis en ooreenkomstig Rolbal SA, binne twee meter van die baan, gedurende spel toegelaat nie.

1.8 Die UB of lede aan diens sal verantwoordelik wees en sorg dra dat die vensters toe is, ligte afgeskakel is en die klubhuis gesluit is na afloop van spel en funksies.

1.9 Enige klagtes moet skriftelik aan die sekretaris gerig word, wat dit op sy beurt aan die UB moet voorlê.

1.10 Die kennisgewings vir die Algemene Jaarvergadering of Spesiale Vergadering sal ten minste een-en-twintig (21) dae voor die vergadering op die kennisgewingbord geplaas word.

1.11 Die rolbalbaan en die gebruik daarvan, val onder die jurisdiksie en toesig van die klubbestuur. Derhalwe mag dit uitsluitlik vir die speel van rolbal gebruik word en moet diegene wat nie-klublede is nie en dit wil gebruik, toestemming by 'n bestuurslid kry en/of onder die toesig van 'n geaffilieerde lid buite die normale speeltye van klublede gebruik.

1.12 Geen krutaal, beledigende- of ondeurdagte aanmerkings teenoor enige van

die spelers op of af van die baan sal geduld word nie. Dit word van elke speler verwag om te alle tye ‘n ware sportmansgees te openbaar.

1.13 Indien die bane ongeskik is vir spel sal die baanmeester of komiteelid aan diens die reg hê om spel te stop.

1.14 Tydens ope- en feesdae hoef spelers nie noodwendig geaffilieer te wees nie.

2. KLUBKOMPETISIES:

2.1 Een plaasvervanger per span**,** is toelaatbaar met grondige rede soos **dood en siekte.** Dit geld vir pare, driespel en viere.

2.2 Klubkompetisie inskrywings van R25 is betaalbaar tesame met die inskrywing. Daarna is die gewone baanfooie van R20 per dag betaalbaar.

2.3 Inskrywings, per kompetisie, sal geskied soos per datums vasgestel.

KOMPETISIES:

- Mans enkels -- 4 balle en 21 punte
- Dames enkels -- 4 balle en 21 punte
  (**Die name van die vier semifinaliste van elke jaar sal die volgende jaar op die loting in volgorde 1 to 4 geplaas word, waarna die res vd spelers op ‘n “open draw” basis sal geskied)**
- Gemengde Viere -- 2 balle en 21 koppe
- Gemengde Driespel -- 3 balle en 18 koppe
- Pare -- 4 balle en 21 koppe
- 2-Bal mans en dames enkels word oor 14 koppe gespeel met die semi-finaal en finaal oor 21 punte (Nie amptelike kompetisie)
- Kampioen van kampioene – die wenner van die mans enkels en dames enkels speel teen mekaar en die speler wat eerste 21 punte kry is die wenner.

- **Novices/Beginners:**

  Die volgende spelers kwalifiseer om aan hierdie kompetisie deel te neem, naamlik:

  ‘n Speler wat nog nie 3 jaar speel nie en nie enige van die volgende titels gewen het nie,
  - Klub enkelkampioenskappe
  - Klub Novices-kampioenskappe
  - Suid-Vrystaat enkelkampioenskappe
  - Enige Suid-Vrystaat span verteenwoordig het nie.

  Die komitee sal besluit of mans en dames afsonderlik of gesamentlik in die novices kompetisie sal speel.

- Daar sal ‘n vasgestelde begin- en einddatum vir klubkompetisies bepaal word, wat bindend sal wees.

- Alle klubkompetisies se loting word gedoen met ‘n ope trekking.
- Ligas en kies van spanne:

Woensdag- en Bloemfontein ligaspelers wat gekies is deur Hillandale Rolbalkeurders mag nie onttrek nie. Vergunnings sal slegs toegestaan word in ernstige gevalle waar die persoon ‘n brief aan die sameroeper van die keurkomitee gerig het om sy saak te verduidelik.

Die klubkeurders stem per geslote brief wanneer ligaspanne saamgestel word sodat die spelers wat op huidige vorm die beste vertoon vir die sterkste spanne gekies word.

Die nuutste klub- of witklere asook klubpette (mans)/wit- of bypassende hoede moet altyd gedra word tydens klub- en Suid-Vrystaat kompetisies/kampioenskappe. Geen bont pette of hoede met allerhande logos word toegelaat nie.

3. METODE WAT GEVOLG WORD MET PLAASVERVANGINGS:

3.1 Spelers wat in aanmerking geneem word, is spelers wat nie vir die spesifieke klubkompetisies ingeskryf het nie.

3.2 Sou ‘n speler onttrek, mag ‘n plaasvervanger ingesit word, welke plaasvervanger vir die res van die kompetisie in die span sal bly.

3.3 ‘n Plaasvervanger mag nie “skip” wanneer hy in die span ingesit word nie.

3.4 Reserwes is nie van toepassing in klubwedstryde nie.

4. <u>APPÉL</u>:

Enige speler wat gegrief voel deur die gedrag van die opponerende span/speler kan, **gedurende of binne 10 minute na die wedstryd**, by die skeidsregter of ‘n lid van die UB appèl aanteken.

5. NUWE LEDE:

Opleiding/afrigting word aan nuwe lede verskaf. Drie maande grasie word aan nuwe spelers gegee om balle en rolbaldrag aan te skaf.

6. SOSIALE SPEL:

SOMERTYE: (**1 Oktober tot 31 Maart)**

- Dinsdae **16:00** en Donderdae **17:30** (Gewone drag vir beide dae),
- Saterdae **08:00** (Klubdrag of witklere)

WINTERTYE: (**1 April tot 30 Sept)**

- Dinsdae **14:00** en Donderdae **14:00** (Gewone drag vir beide dae),
- Saterdae **9:00** (Klubdrag of witklere)

TABSTYE: **(**Altyd 15 minute voor spel begin.)

'n Besoekende speler/skolier/student wat nie lid van enige klub is nie sal nie toegelaat word om sosiaal te speel nie. Sodanige speler mag slegs onder toesig van 'n lid op 'n baan speel wat nie deur die res van die lede gebruik word nie. Alvorens so 'n speler toegelaat word om sosiaal te speel sal hy eers die afrigtingsprosedure van die klub moet volg en na afloop daarvan deur die afrigters gereed verklaar word. Daarna sal klublidmaatskap deur die bestuur aanvaar word.

NB! Die baan is op Maandae gesluit vir enige vorm van spel

7. BAANFOOIE:

Soos op die Algemene Jaarvergadering goedgekeur.

- Skoliere betaal geen baanfooie.
- Studente betaal R20 baanfooie.
- Lede betaal R20 baanfooie
- Geaffilieerde besoekers betaal R40 baanfooie.

8. LEDEGELD

Soos bepaal tydens die klub se AJV.

- Studente en Skoliere betaal R1250
- Buitelede ouer as 90 betaal R1250 en Hillandale inwoners ouer as 90 betaal R1150
- Erelede betaal geen ledegeld – wel BSA & SVS Affiliasie van R500
- Sosiale lede (nie-spelende lede) R600
- Hillandale inwoners betaal R1550 per jaar vir 2026 wat die affiliasie van R500 aan SVS en BSA insluit.
- Buitelede betaal R1650 per jaar vir 2026 wat die affiliasie van R500 vir SVS en BSA insluit asook die jaarlikse gesigsherkenning van R100.
- Deellede betaal R825 vir 2026.
- Die klub se finansiële jaar begin 1 November en eindig 31 Oktober van elke jaar. As 'n vergunning is ledegeld betaalbaar voor of op 30 Januarie van elke jaar.
- Nuwe lede wat gedurende die jaar aansluit betaal 'n pro-rata bedrag.
- Lede wat gedurende die jaar bedank/verhuis ensovoorts, verbeur hulle ledegeld.
- **Ledegeld word elke jaar tydens die AJV vasgestel vir die volgende jaar.**

9. AFFILIASIEGELD

- **Affiliasiegeld word jaarliks aangepas ooreenkomstig Rolbal SA se begroting waarna dit** tydens die AJV van SVS bepaal word.
- **Indien jy deur die jaar aansluit as lid is 'n eenmalige affiliasiefooi van R200 betaalbaar aan Suid Vrystaat.**

10. TABS (Skyfies)

Die trekking vir sosiale spel word deur die keurders en/of bestuurslede volgens die **aangehegte riglyne**, wat tydens ‘ n bestuursvergadering op 11 Oktober 2022 goedgekeur is, gedoen.

11. PROVINSIALE SPELERS

‘n Subsidie van R1500 wat jaarliks deur die Uitvoerende Bestuur aangepas kan word, onderhewig aan die begroting en die bedrag betaalbaar deur SVS spelers, word aan aan klublede wat gekies is om SVS in ‘n amptelike toernooi te verteenwoordig betaal, onderhewig aan die volgende voorwaardes.

- Hulle kundigheid en ondervinding na gewone klublede terugploeg.
- Van hierdie spelers verwag word om op 'n gereelde basis aan sosiale spel deel te neem.
- Hulle moet ook aan van die klubkompetisies deelneem.
- Hierdie spelers vir minstens 2 jaar ‘n lid van dié klub moet wees alvorens so 'n speler aanspraak kan maak op 'n bydrae van die klub.
- Deellede kwalifiseer nie hiervoor nie.

12. BESOEKERS

- ‘n Rolbalbesoeker per definisie is ‘n persoon wat by enige amptelike klub ‘n lid is en oor ‘n BSA nommer beskik. Sulke persone mag aan sosiaal by ons klub deelneem.
- Daar word wel in ons toegangsreëls voorsiening gemaak vir ongeregistreede spelers wat die baan wil gebruik op tye wanneer daar nie sosiaal plaasvind nie.
- Die huidige uitsondering op die reëling dat nie-lede, familie of vriende aan ons Kers- en Nuwejaars rolbaldae mag deelneem, indien daar plek is of spelers gekort word, bly van krag.

13. LIGABELEID

Agv van die omvang van die beleid word dit as ‘n bylaag by gevoeg.

14. REëLS VIR TOEGANG TOT DIE BAAN

14.1 Die baan is uitsluitlik vir gebruik deur lede van Hillandale Rolbalklub.
14.2 Nie-lede vergesel deur Hillandale lede mag onder hulle toesig die baan gebruik.
14.3 Slegs kinders ouer as ses jaar, onder toesig van ouers of grootouers, wat lede is, mag die baan gebruik.
14.4 Lede van ander klubs, met die toestemming van ‘n huidige lid, mag die baan gebruik.
14.5 Potensiële lede wat afrigting ontvang mag die baan gebruik om te oefen.
14.6 Slegs skoene sonder hakke en met gladde platsole word op die baan toegelaat. (Plakkies en sandale sonder hakke is aanvaarbaar)

15. VRYWARINGSVORM

Daar word van elke lid verwag om ‘n vrywaringsvorm te onderteken en by die sekeretaris in te handig. Hierdie vereiste word bepaal ooreenkomstig ons gebruikshuurooreenkoms met Hillandale Lifestyle Village.

Voorsitter: ……

Sekretaris:

Datum: 2025-12-01